***Onverborge gevoelens***

**127** Dan swyg Mathael en dink in stilte na oor wat Jarah gesê het, en Helena en Ouran staar, in opperste verbasing, sonder om een woord te sê na Jarah; maar Jarah kyk na die nog fel brandende stad en wag met groot verlange op My terugkoms. Dit is nou volkome stil op die berg, slegs in die huis van Markus is mense bedrywig vir die aangekondigde gaste, naamlik vir Cornelius en Festus, en die oggend word altyd ligter.

[2] Byna `n uur lank bly dit so heel rustig op die berg, afgesien van die reeds genoemde geluide uit Markus se huis waar mense druk besig was in verband met die aangekondigde, nuwe gaste, maar ook vir die stellig te verwagte nuwe aankomelinge uit die verwoeste stad.

[3] In die stilte raak daar ook `n aantal teen die more aan die slaap. Selfs Cyrenius, Julius, Josoë, en die hoë staatsdienaars wat vroeër met Cyrenius hier aanwesig was, het aan die slaap geraak. Maar die dertig jong fariseërs, wat opmerksaam die brand van die stad gadeslaan, bly wakker en spreek onderling baie oor dit wat hulle gesien en gehoor het, en dit doen ook die twaalf waaraan Suetal, Ribar en Baël behoort.

[4] Helena, Jarah, Ouran en Mathael met sy vier metgeselle Rob, Bos, Miga en Sahr bly ook wakker en was vol diepsinnige gedagtes, maar hulle verswyg alles en dink na oor dit wat Jarah so pas aan hulle gesê het, en hulle durf haar nie nog meer vrae te stel nie. Maar Jarah dink ook daaroor na of sy hierdie mense nie soms te veel, te vinnig op een slag vertel het nie.

[5] Skielik na `n hele tyd, toe die horison al rooi verkleur het, open die anders baie swygsame **Rob** sy mond en sê: "Beste vriende, ek kan ondanks al die nadenke nog geen rus vind nie. Alles is hier so buitengewoon merkwaardig, dat jy altyd by jouself dink dat jy droom en jy kan doen wat jy wil, maar jy kan jou met alles wat jy gesien en gehoor het, tog nooit so vereenselwig dat jy jou daarby tuis voel nie! En dat jy altyd meer vreemd voel is op sigself nog die gewoonste waarmee die gedagte van `n denker hom kan besig hou. Ons belewe niks as `n opeenvolging van wonders van die kolossaalste orde nie!"

[6] Broer Mathael, jy het hier koning van `n groot land geword en ons is jou konsuls! Die groot, gewyde Meester hoef slegs oor die groot aarde te kyk, en hulle bewe soos `n kind vir die roede! Daarby kom die jong hooftowenaar nog uit die hemele en doen dinge waarvan ons hare werklik ten berge rys! Nou kom die meisie nog en vertel ons weer dinge waarvan jy met die grootste gemak in die wêreld volkome in die war sou kon raak! Sê my eers of dit wel moontlik is om met hierdie dinge op enigerlei wyse vertroud te raak! –

[7] Maar waar sou Hy nou eintlik so lank bly? Dit sal nou wel drie uur gelede gewees het dat Hy ons verlaat het en nog kom Hy nie terug nie!"

[8] `n Ander van die vier metgeselle van Mathael, wat **Bos** heet, en ook nooit baie sê nie, antwoord Rob: "Wat jy voel, voel ek ook, en ek kan my vir niks ter wêreld ook meer hier tuis voel nie! Alles wat gebeur, kom so onverwags moontlik en dit is op sigself dan altyd so buitengewoon fantasties, dat jy jou niks fantastieser kan voorstel nie; iedere daad, elke woord en elke vertelling maak alles wat die menslike oor tot op hede gehoor het, en die oog ooit gesien het, so totaal onbeduidend, dat daar selfs van Moses en al sy wonderdade niks van oorbly nie.

[9] Daar is geen twyfel daaraan dat die hele rykdom van die goddelike oergees werksaam is deur die baie merkwaardige, goeie en groot Meester, wat gebore is uit Nasaret en liggaamlik `n seun is van die plaaslike timmerman. Maar watter mens kan hom tuisvoel langs so `n grootheid? As Hy praat, praat nie Hy nie, maar die Ewige Gees van Elohim in Hom, en as Hy iets doen, sou ek wel van die grootste geleerde wou hoor wat Elohim meer sou kan doen as wat vir Hom moontlik is! Hy is volmaak Elohim in woord en daad, Sy Wil heers aktief in die hele oneindigheid en tog loop Hy slegs as mens voor ons en langs ons, en eet en drink net soos ons!

[10] Waar is al die wyse woorde van Salomo nou, wat by die inwyding van die tempel gespreek het: 'JaHWeH, ek weet dat hemel en aarde U nie kan omspan nie - waar elke skepping opgehou het, is U nog ewig en oneindig magtig - maar tog het ons, o JaHWeH, `n huis gebou om ons met suiwer en berouvolle harte te versamel om U, o JaHWeH, vir al U weldade en seëninge te dank en U in teenspoed, ons nood en ons ellende voor te lig!' *(1Konings 8:12 en verder)*

[11] Miskien is dit nie woordeliks wat daar staan nie, maar dan is dit tog wel in kort die inhoud van wat die wyse bouer van die tempel by die inwyding met grootse, wyse woorde gesê het. Sou hy ook so gespreek het as hy ons uit Nasaret gebore Meester gesien en gehoor praat het, en Hom net soos ons leer ken het?

[12] Vir Sy persoon is die tempel wel enige duisende kere te groot en die oral aanwesige, almagtige wil van ons Meester is nie Elohim die Meester Self nie, maar slegs `n onbegryplike Krag van die Een Meester, wat ons sien, hoor en kan spreek, maar waarby ons tog Sy persoonlike grootte net so goed ken soos die van ons. Hoe is dit moontlik dat Sy Wil oor die hele oneindigheid en ewigheid heers, en Sy oog en Sy oor oral in optima forma teenwoordig is? Kyk, dit alles is sake waar geen gees heeltemal uit wys kan word nie, en die gevolg is dat `n mens hom ook nie daarin tuis kan voel nie!

[13] Ja, as die persoon van die geestelik groot, goddelike Meester soos die van `n Simson of Goliat sou lyk, was dit vir almal ietwat meer verstaanbaar, want dan kon `n mens sê: So `n almagtige gees moet ook `n liggaam hê wat daarmee ooreenstem. Maar ons Meester is, wat persoon aanbetref, eerder klein as groot te noem, en tog speel Sy Gees met die oneindigheid soos `n seun met `n appel! Dit is die onbegryplike, en alle wyses met hul teorieë oor die wese van Elohim, ly hier op `n geweldige manier skipbreuk, maar tog kan ons onsself nou, hoewel ons hier in die praktyk iets anders geleer het, nie skielik op ons gemak voel nie!

[14] Kortom, ek droom eintlik ook nog meer as dat ek my heeltemal wakker en tuis voel. My siel besef nou wel baie, ja, ek oorsien die hele vorm van die

aarde, my blik dring tot in haar diepste dieptes; ek oorsien die maan as `n baie treurige, armsalige, klein wêreld, bestem vir nog kleinere en armsaliger mense en ander skepsels; ek sien Mercurius, Venus, Mars, Jupiter, Saturnus, en ek sien daarbo nog soortgelyke, klein en groot hemelliggame. Saturnus sien baie wonderlik daaruit, sy is baie, baie groter as ons aarde en sweef presies in die middel van `n reusagtige ring, waarbo so `n sewe mane, groter as die van ons, rond dartel soos bye om hul korf; ek sien ook die wonderbaarlik skone, ver uitgestrekte streke van die groot son; maar by al die dinge voel ek my nog lank nie so vreemd soos hier in die merkwaardige, vreemdsoortige nabyheid van die Skepper van al die tallose wêrelde en hul wonders nie!

[15] Miskien voel julle jul meer tuis, omdat julle waarskynlik hierdie situasie nie so rustig en diep aanvoel soos ek en broer Rob nie. Wanneer jy egter begin om dit alles heel rustig en so indringend moontlik te beskou, dit vergelyk met alles wat `n mens in hierdie wêreld ooit gesien het, gehoor en in ou boeke gelees het, dan word dit vir `n mens altyd onheilspellender en vreemdsoortiger as wat hy vermoed het. Ja, jy verloor op die laaste so heeltemal kontak met jou eie bestaan, wat vir jou soos `n voelbare leegte voorkom! - Sê my, of ek dit juis het of nie!"

[16] **Miga** sê dan: "Julle het beide gelyk en ook ek het dieselfde gevoel, maar vir my stem dit juis baie gelukkig."

[17] **Rob en Bos** sê: "Ja, daaroor het ons dit nie! Ons voel onsself ook baie en selfs buitengewoon gelukkig hier, maar dit hef die 'hom volledig vreemd voel' beslis nie in hierdie situasie op nie! Elohim is en bly Elohim, en ons kan dink en voel wat ons maar wil, maar die kloof kan ons nooit oorbrug nie!"

### *Miga oor die liggaamlike aanwesigheid van die Meester*

**128** **Miga** sê: "Dit is ook gladnie nodig nie! Laat ons bly wees dat ons is wat ons is, en dat ons uiteindelik die Een in al Sy oneindige werkingsbereik liggaamlik by ons het, waarvoor die oudstes tevergeefs een of ander houbare begrip probeer bedink, maar daarmee ook altyd in die mis verdwyn!

[2] Kyk na Moses en al die profete, neem die geleerdes van Egipte en Griekeland nog daarby, maak `n samevatting van hul ongekende mistieke, geestelike begrippe oor die wese van Elohim, en dan het jy nog niks die grootte van `n sandkorreltjie van Diegene wat ons hier meer as tasbaar liggaamlik voor ons het nie!

[3] Moses, die grootste profeet, wou op die berg Sinai vir Elohim sien, maar kry uit `n vurige wolk met donderende stem, waardeur die aarde beef, slegs te hore: 'Niemand kan Elohim sien en bly lewe nie!' Maar ons sien nou dieselfde Elohim, ons praat met Hom, Sy gerustheid getuig van Sy Wysheid en Almag, en lewe tog baie goed en aangenaam! As dit die brawe Moses wel ietwat angstig gemaak het op die berg, veral toe daar om sy hoof duisend maal duisend geweldig krakende bliksems onophoudelik hul spel gespeel het, is dit baie goed te verstane. Maar as ons hier oor `n spesiale, onheilspellende sfeer praat in die teenwoordigheid van die buitengewoon goeie en baie gemoedelike Elohim, dan is ons werd om flink uitgelag te word!

[4] Het ons vadere nie met `n heilige Vader in die hemel gedweep, terwyl hulle hom tog nooit kon voorstel nie!? Ons het nou dieselfde heiige Vader as `n tasbare waarheid by ons op hierdie aarde, wat nou die hemel van alle hemele is, en ons voel ons nie op ons gemak nie!

[5] Dit is waar dat `n mens hier baie vreemd en anders moet voel as `n kind tuis by sy los speelgoed, maar daarteenoor staan dat ons onsself nou ook in `n baie merkwaardige lewenskool bevind! Wanneer `n kind vir die eerste keer op skool kom, sal hy sekerlik ook nie so op sy gemak voel as by sy speelgoed in die ouerhuis nie, maar as hy die skool `n jaar lank besoek het, sal hy hom ook net so vertroud daarin voel as tuis by sy speelgoed.

[6] Maar hoe Hy, ons Elohim, Meester, Majesteit en Vader met Sy almagtige wil in die hele oneindigheid alles van die grootste tot die kleinste doeltreffend deurdring, en Hom tewens duidelik aanwesig bewus is van al Sy eindelose, en tallose talle skepsels van die grootste tot die kleinste, dit, broers gaan ons verder gladnie aan nie. Ons hoef beslis nie meer te weet as dit wat ons weet nie, en waarvan ons besef dat dit so is en moet wees, omdat alle dinge andersins sekerlik oombliklik hul objektiewe bestaan sou verloor.

[7] Laat ons maar geduld hê! Vandag weet ons dit, more sal ons seker meer weet, en binne `n jaar sal ons wel baie meer kan weet as nou aan die begin van ons geestelike ontwikkeling, waarin ons egter tog al baie verder gevorderd is as Moses en alle beroemde profete vóór ons. Die het in hul mees heilige visioene nouliks geestelik vermoed, en vervolgens in heel mistieke woorde en tekens opgeskryf, wat ons sonder enige mistiek kan betas. As ons onsself dit nou lewendig voor oë kan hou, sal ons skielik baie minder ongemaklik voel as wat Saul hom eertyds by die profete gevoel het!"

[8] Die ander sê: "Ja, ja, jy het volkome gelyk, en ons voel almal al baie meer op ons gemak! Wat `n verstandige woord tog alles tot stand kan bring!"

[9] **Sahr**, wat tot nou toe nog altyd geswyg het, maar origens innerlik baie blymoedig was, sê: "Dit is om van te lag wat se domheid die skranderste manne wel uitkraam! Hoewel Miga die minste van ons is, het hy nieteenstaande dit, tog die verstandigste mening te berde gebring! Hoe kan dit iemand hier nou ook maar enigermate vreemd en beangstigend voorkom? Die teendeel is waar! Nou is ons eers op die plek waar ons moet wees! Ons is by Elohim, ons ewige Skepper en Vader. Daar waar ons vandaan gekom het, en nou het ons weer so dig moontlik daarby teruggekeer; wat se gepraat is dit oor 'sy-vreemde-gevoel'? Juis hier voel ons onsself eers heeltemal tuis! Nee wat, wat se rare opvattinge het broer Rob en Bos tog! - Mathael, wat dink jy daaroor!"